

Angry Birds

Richard van Wyk

CRUX
STUDENTEBEDIENING
Tegesene vir die lewe



Inleiding:

Angry Birds is 'n speletjie op selfone wat ontwerp is deur die Finse rekenaar ontwikkelaar Rovio en vrygestel is in Desember 2009. Van toe af is daar reeds meer as 12 miljoen kopieë van die speletjie gekoop.



In die speletjie steel 'n klomp varkies die voëltjies se eiers en dan neem die voëltjies wraak op die varkies. Jy gebruik 'n kettie om die voëltjies te skiet na waar die varkies wegkruip met die doel om hulle te vernietig.

As mens so bietjie wegstaan van die speletjie af beleef mens nogal spanning. Die varke steel die voëls se eiers en mens is eers kwaad vir die varke, en jy dink dis reg. Vernietig hul. Jy is onmiddellik aan die voëltjies se kant. Maar dan voel jy weer: Nee dit is ook nie reg nie – wat van die arme varkies. Hulle was maar net honger. Moet die voëls nie ook leer om te

vergewe nie? Hoekom lê hulle nie maar net nog eiers nie.

Aan wie se kant moet mens nou eintlik wees? Wie is reg en wie is verkeerd?

Liefde en spanning:

As Christen hoor ons gereeld ons moet liefhê soos Jesus liefgehad het. Dit klink vreeslik eenvoudig, maar lees ons Matteus, Markus, Lukas en Johannes (ooggetuies van Jesus) en jy kyk na die manier waarop Jesus liefgehad het, dan kom jy agter dat daar verhale is wat redelik teenstrydig is. Party stories klink net nie reg nie. Dis amper asof Jesus soms onregverdig optree.

Johannes:

Die 4 de boek in ons NT is die boek Johannes em hy help ons om die spanning onder woorde te bring:

Johannes 1:14-18: Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol **genade en waarheid**.

Die spanning lê tussen waarheid en genade.

- Waarheid sê altyd – jy is aanspreeklik, genade sê altyd – jy is vergewe. Nou wat is jy nou eintlik – aanspreeklik of vergewe?

- Genade sê jy is OK, Waarheid sê jy het sonde gedoen
- Genade sê alles sal goed afloop, Waarheid sê jy sal aan die saak moet werk

Elkeen van ons neig in een van die rigtings. Jy is of iemand wat erg op die waarheid fokus, of jy is iemand wat erg op genade ingerig is.

Baie van julle het 'n ma en 'n pa, en selfs jou ouers neig soms na die een of die ander kant toe – die ma's is gewoonlik aan die genade kant en die pa's aan die waarheid kant.



Vreemd genoeg trou sulke mense, aan-aan die verskillende kante staan, mnet mekaar. Ons sou kon sê: "When Gracie met Truthie".

Baie belangrik:

Jesus balanseer nie die 2 opsies nie. Hy is volledig al twee opsies gelyktydig. Johannes 1:16: Uit sy oorfloed het ons almal genade op genade ontvang. 17. God het die wet deur Moses gegee; die **genade en die waarheid** het deur Jesus Christus gekom. 18. Niemand het God ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, dié het Hom bekend gemaak.

Ons probleem is ons dink verhoudings het resepte en die lewe is een of ander resep en as ons net die regte goed op die regte tye met die regte hoeveelhede bymekaargooi dan sal ons gelukkig wees. Per ongeluk werk dit nie so nie.

Liefde wil jou nie tot niet maak nie, maar wil jou nuut maak.

In een van die mees bekende verhale sien ons hoe die spanning tussen waarheid en genade uitspeel. Dit is in die verhaal van die verlore seun wat eintlik die verhaal van die 2 verlore seuns is. Dit voel half onregverdig dat die pa die jongste so maklik weer aanvaar – maar op die ou einde gaan staan die oudste seun buite en word hy glad nie deel van die partytjie nie.

Slot:

Christene moet liefhê soos Jesus liefgehad het. Hoe is dit? Hy het nooit weggeskram van waarheid nie. Hy het sonde sonde genoem maar dan gaan hy en gaan sterf vir daardie sonde aan 'n kruis. Hy sê reguit wat verkeerd is, maar dan kom gee Hy ook die genade.

Liefde kan nie sonder die waarheid nie, maar dit kan ook nie sonder genade nie. As jy lief genoeg het, sal jy ook waarheid uitspreek maar nie as oordeel nie, want liefde wil jou nie tot niet maak nie, maar wil jou nuut maak.

Jesus se liefde is nie een of ander geheime resep nie, maar 'n verhouding waarin Hy elkeen werklik neem as mense met spesifieke omstandighede.

'n Rivier van Lewende Water